OORPLANTINGSTEGNIEKE

LOUIS NEL

Voordat doringbome uitgeplant word, maak seker dat jy bekend is met die klimaat in jou omgewing. Jy moet seker wees dat dit nie meer gaan ryp nie, maar moet ook nie so lank wag dat die boompies reeds begin bot nie. Doringbome bot gewoonlik 'n bietjie later as die ander bladwisselende bome. Om hierdie rede kan daar in sommige koue omgewings tot diep in September nog uitgeplant word.

Moet nie enige wortelsnoei toepas nadat die boompies reeds gebot het nie. Los die boompies liefs vir ongeveer twee maande nadat hulle gebot het en plant dan oor. Die boompies is op hierdie staduim meer stabiel. Indien baie wortels op hierdie staduim afgesny word, sny ook van die oortollige takke af om 'n balans tussen wortels en takke te kry.

Doringbome moet nie uitgeplant word wanneer die grond waarin hulle is nog baie nat is nie. Plant uit so ongeveer 24 uur nadat hulle laas water gekry het. Wanneer wortels gesnoei word, probeer om alle snitte horisontaal te maak. Hierdie tegniek het tot gevolg dat meer fyn wortels by die afsnypunt sal vorm.

Vermy uitplant van bome in die laat herfs omdat bome begin regmaak vir die winter. Baie fyn takkies sal terugsterf indien die wortels nou versteur word.

Die grond wat gebruik word om doringbome in te plant moet naastenby dieselfde wees as die bestaande grond waarin die boompie gegroei het. Bogenoemde moet veral in gedagte gehou word wanneer 'n boompie vanaf 'n klein houer in 'n groter houer geplant word sonder om die grond af te skud. Dieselfde geld wanneer wortelsnoei toegepas word en nuwe grond word bygevoeg.

Nadat boompies uitgeplant is, moet kunsmis nie dadelik toegedien word nie. Wag liewer ongeveer twee weke.

Korrek *Foutief*

Nuwe fyn wortels *Wortel kan vrot*

Horisontale snit *Vertikale snit*